



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Die gebed van die kerk

Openbaring 5:1-14

Hier kry ons 'n beeld van die oorwinnende kerk in die hemel.

Woorde ontbreek om God na waarde te prys. Hierdie gebed gee uiting aan die groot en finale "Amen" van die hele kerk. Jesus is die Alfa en Omega, die A en die Z van die lewe, die Begin en die Einde, die Een na wie ons heelyd opkyk.

Gebede speel beslis 'n rol in die vorming van ons lewe hier en nou. Ons moet nou reeds leef soos hierdie gebed vra. Ja, deur gebed lê ons ons begeertes voor God. Maar nog belangriker is die feit dat Hy ons in gebed oproep tot 'n hoër en verrykender doel vir ons lewe. Om daarvan te vergeet om die "hoof-rot" in die rotteresies van die lewe te word.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte.

Wat is God se doel? Dat ons sy Naam groot sal maak deur Sy lig in hierdie wêreld te wees.

(Bybel 24/7)



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Gebede

Die gebed van die kerk

Lees Openbaring 5:5. Waarom word die Lam "die Leeu van die stam van Juda" en "die Afstammeling van Dawid" genoem? Wat beteken hierdie titels oor hom?

Lees Openbaring 5:6. Bespreek elk van die volgende simbole wat met die Lam verband hou:

- Die lam self verteenwoordig....
- Sy status nadat hy doodgemaak is, dui op ...
- Horings verteenwoordig....
- Oë verteenwoordig ...
- Die nommer sewe dra die gedagte van ...

Wat het die Lam gedoen om "te seëvier" wat Hom waardig maak om die boekrol te neem en sy seëls oop te maak? (Wenk: sien die 'vir' of 'omdat' klousule in 5: 9 vir die antwoord.)

Lees Openbaring 5: 13-14. Wat vertel dit vir ons van die status van die Lam as Hy aanbid word langs "Hom wat op die troon sit"?



Quellerina Gemeente